**<u>IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA</u>**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Hersiening Nr.: 253/2005

In die saak tussen:

**<u>DIE STAAT</u>**

en

**<u>DAVID BOTSEME</u>**

---

**CORAM:** **WRIGHT R et VAN DER MERWE R**

---

**UITSPRAAK:** **VAN DER MERWE R**

---

**GELEWER OP:** **21 APRIL 2005**

---

[1] Die beskuldigde in hierdie aangeleentheid is in die Landdroshof skuldig bevind aan ‘n oortreding van Artikel 5(b) van die Wet op Dwelmmiddels en Dwelmsmokkelary, Nr. 140 van 1992, deurdat hy dagga gekweek het. Die beskuldigde is vervolgens gevonnis tot ‘n boete van R3 000,00 of 18 maande gevangenisstraf asook ‘n verdere

12 maande gevangenisstraf wat opgeskort is vir ‘n tydperk van 4 jaar op voorwaarde dat die beskuldigde nie skuldig bevind word aan ‘n oortreding van Artikel 5(b) van Wet 140 van 1992 gepleeg gedurende die opskortingstydperk nie.

[2] Volgens die getuienis het die beskuldigde ‘n handeling verrig in verband met die verbouing van dagga. Die skuldigbevinding is derhalwe myns insiens ooreenkomstig die reg. Die opgelegde vonnis is egter, vir die redes wat volg, myns insiens nie ooreenkomstig die reg nie.

[3] Net 5 dagga plante, ongeveer sestig sentimeter hoog en goed versorg, is in die beskuldigde se groentetuin gevind. Daar is geen getuienis op rekord aangaande die moontlike produksie van hierdie daggaplante nie. Meer belangrik, daar is geen aanduiding op die rekord aangaande die doel waarvoor die dagga gekweek is nie. In hierdie omstandighede kan die beskuldigde nie gevonnis word, soos wat die landdros gedoen het, op die basis dat die beskuldigde ‘n daggahandelaar was wat hom ten koste van die verbruiker se gesondheid verryk nie.

[4] Die beskuldigde is 34 jaar oud en is tereg deur die verhoorlanddros vir doeleindes van vonnis as ‘n eerste oortreder beskou. Hy versorg drie skoolgaande kinders in die afwesigheid van hul moeder. Hy het gewerk as ‘n tradisionele dokter maar was nie in staat om ‘n inkomste daaruit aan die Hof weer te gee nie.

[5] Die opgelegde vonnis is in die omstandighede van hierdie saak myns insiens so onvanpas dat dit tersydegestel moet word. Daar is ook na my oordeel ‘n treffende wanverhouding tussen die boetevonnis en die alternatiewe gevangenisstraf. In al die omstandighede van hierdie saak meen ek dat ‘n boetevonnis van R2 000,00 of 6 maande gevangenisstraf plus ‘n verdere 6 maande gevangenisstraf wat vir 4 jaar opgeskort is, van pas is.

[6] Gevolglik word die skuldigbevinding bekragtig maar die vonnis tersyde gestel en vervang met ‘n vonnis van R2 000,00 of 6 maande gevangenisstraf plus ‘n verdere 6 maande gevangenisstraf wat opgeskort word vir ‘n tydperk van 4 jaar op voorwaarde dat die beskuldigde nie skuldig bevind word aan ‘n oortreding van Artikel 5(b) van Wet 140 van 1992 gepleeg gedurende die tydperk van opskorting nie.

Die vonnis moet geag word opgelê te gewees het op 24 Februarie 2005.

**C.H.G VAN DER MERWE, R**

Ek stem saam.

**G.F. WRIGHT, R**

/em